

22 Mei

Skrifgedeelte: Eksodus 13:1-14:14 (OAV)

Fokusgedeelte: Eksodus 13:17-22

Die ompad

Israel kry bevel om weg te draai van die bekende grootpad en 'n ompad te volg. Met die bekende grootpad sou Israel volgens menslike berekeninge baie gouer in Kanaän aangekom het.

Nou is hulle op die ompad, 'n baie moeilike woestynpad. Op hierdie pad is daar honger, dors en stryd, maar dit is die pad van die Here en daarom die pad van sy genade. Op hierdie ompad het die Here hulle geleer om op Hom alleen te vertrou. Hier het hulle die Here se lankmoedigheid en goedheid ervaar en sy reddingsdade en vaderlike versorging beleef. Die water uit 'n rots en manna uit die hemel is goeie voorbeeld daarvan. Met hierdie ompad kon hulle uiteindelik die beloofde land binnegaan.

Só is die pad van die Here vir sy kind dikwels 'n ompad. Dit word ook 'n woestynreis genoem. Op hierdie pad is daar dikwels baie trane en stryd. Dit lyk soms asof dit die verkeerde pad is, maar vir elke kind van God is dit die pad waarlangs die Here sy genade aan ons wil betoon.

Op dié pad besef ons ons eie swakheid en leer ons om ons heil alleen van God deur Jesus Christus te verwag. In Christus is dit die pad wat in die hemelse Kanaän – vol ewige heerlikheid – eindig. Onthou u die ompad wat Jesus Christus moes loop? Hy wat God is en mens geword het, het die ompad deur die krip in Betlehem, deur Getsemane, oor Golgota en deur helse pyn en smarte geloop om sy kinders se pad gelyk te maak.

Sing: Psalm 25:2

Ds SA Cilliers (Waterberg)